

# VERHOUDINGS TEL

*deur Stephan Joubert (E-Kerk)*

Vreugde kom in klein porsies — soos in daardie koffie wat jy saam met 'n vriend drink. Of in 'n onbeplande kuier saam met iemand wat jy onverwags raakloop. **Die lewe gaan oor verhoudings.**

Het jy geweet dat selfs jou brein so ontwerp is dat jy in bykans 'n tiende van 'n sekonde vinniger besluite oor mense neem as oor ander dinge. 'n Onlangse studie het bevind dat wanneer ons rustig rondsit en niksdoen nie, dan is ons brein bes moontlik besig om ons verhoudings van naderby te bekyk.

**Die Here het ons ontwerp om lief te hê.** Ons is bedraad vir verhoudings. Ons is ontwerp om diep gevoelens van medelye en liefde te kan ervaar. Moenie dit loop prysgee en nogeens 'n slaaf van vol programme, vergaderings en aktiwiteite word nie.

**Jou geloof moet verhouding-gedrewe wees**, nie taak-gedrewe nie. Jou geloof gaan nie oor al die dinge wat jy vir die Here doen nie, maar oor die verhoudings wat jy bou. Dit gaan oor goeie dinge wat jy stilweg doen vir mense met regte name en adresse.

**Wees vanjaar daar vir mense naby aan jou. Wees ook daar vir diegene wat onverwags jou pad kruis. Seën hulle met jou liefde.**

*Rietfontein-Suid wil 'n Omgeegemeente wees. Maar die gemeente bestaan uit mense – soos jy. Om 'n Omgeegemeente te wees, moet Rietfontein-Suid Omgeelidmate hê; moet jy dus 'n omgeemens, 'n omgeelidmaat wees. Omgee in die gemeente, in die gemeenskap en selfs tot in die uithoeke van die wêreld begin by jou! Vra daarom die Here om jou al meer hierin te vorm.*
*– Ds Leon Tait.*





Maandblad NG Rietfontein-Suid

Die Rietfluit

AUGUSTUS 2012

Christus alles in elkeen!

## Waarom is ons gemeente-visie so belangrik ?

Die kort antwoord uit die Bybel is natuurlik sodat ons "*een in liefde, een in hart en een in doel*" sal wees (lees Fililpense 2:2). Baie meer as wat jy of ek kan dink of droom begeer God ons eenheid en samehorigheid, veral in ons selfde doelgerigtheid. Het jy al ooit van iemand gehoor wat in die motor klim en die pad vat iewers heen sonder om te weet waarheen ? 'n Mens kry natuurlik 'n paar sulke snaakse avonturiers, maar meeste vertsandige mense maak nie so nie. Ons weet waarheen ons wil gaan en daarvolgens beplan ons en berei ons voor. 'n Gemeente sonder 'n 'n Godgegewe visie is soos mense op reis wat nie weet presies waarheen hul op pad is nie. Hulle kan baie besig wees sonder om God se doel na te te jaag.

God het vir Rietfontein-Suid 'n duidelike visie en roeping gegee! Weet jy wat dit is ? Om jou te help om dit beter te onthou kyk ons skematies daarna.

**'n Gemeente wat God verheerlik**
**deur ons Godgegewe visie uit te leef**

Deur Christusliefde gee ons vir almal om

→ **Ons gee om vir mekaar**
*Groei in dissipelskap*

→ **Ons gee om vir nog-nie-gelowiges**
*Getuig met woord en daad*

→ **Ons gee om vir noodlydendes**
*Gee onsself om 'n verskil te maak*

Ons bestaansdoel as gemeente is om God te verheerlik! Ons doen dit deur die visie of roeping wat God vir ons gegee het uit te leef. God het vir ons as gemeente oor ‘n tydperk gehelp om Sy visie vir ons te formuleer as ***Deur Christusliefde gee ons vir almal om:***

- Dit is omdat God se onverdiende-liefde deur Christus ons lewe verander het dat ons nie anders kan as om ook met dieselfde soort liefde vir mekaar en ander om te gee nie. ’n Verloste mens is ’n omgee-mens!
- Ons gee vir *almal* om: natuurlik beteken dit allereers dat ons elkeen wat ons pad kruis sal liefhê met Jesusliefde. Ons onderskei ten minste *drie groepe* mense vir wie ons moet en wil omgee, naamlik mede-christene (mekaar), die wat nog nie glo nie en die noodlydendes.
- *Mede-christene*: met Jesusliefde wil ons mekaar dien, aanvaar en opbou om meer soos Jesus te word asook Jesus voluit te gehoorsaam in alles elke dag.

God wil hê ons moet mekaar so liefhê dat ander Jesus in ons sal sien en hulle Hom ook sal wil leer ken. Ons noem dit dissipelskap.

- *Die wat nog-nie-glo nie*: Die kerk bestaan om die wat nog nie glo nie te bereik met Jesusliefde en die Jesusboodskap van verlossing. Ons is geroep om mense wat nog nie vir Jesus ken nie te help sodat hul ook vir Hom sal leer ken as hul persoonlike Verlosser. Elke lidmaat moet elke dag daarop ingestel wees om ander vir Jesus te bereik. Ons is vissers van mense!
- *Die noodlydendes:* Eers as ons die nood van ons omgewing raaksien en iets daaraan doen is ons geloofwaardig. Mense luister nie na hoeveel Jesus vir hul omgee nie, voordat hulle nie Jesusliefde deur ons in aksie beleef en sien nie! Moody het gesê: 1 uit elke 100 mense kanGod leer ken deur die Skrif te lees, maar 99 ut elke honderd mense lees nie die Bybel nie maar slegs ons lewe. *Watter verskil maak ons in die Moot met Jesusliefde?*

NED. GEREF GEMEENTE RIETFONTEIN-SUID
SAAM BOU ONS AAN SY KONINKRYK

Wil jy nie saam met ons, ons Godgegewe visie uit leef om God te verheerlik nie? Wil jy nie saam met ons *“een in liefde, een in hart en een in doel”* word nie?

ds Leon van Heerden



# NG Rietfontein-Suid KARNAVAL



**In samewerking met KFC Mini-Krieket**




**8 SEPTEMBER 2012**
**TYD: 07:00 TOT 14:00**
**ADELAAR RUGBYKLUB,**
**16DE LAAN, MEYERSTRAAT**
**WONDERBOON-SUID**



## AKTIWITEITE:

- Mini-Krieket, Boeresport, Veerpyltjies, Springkasteel & Glybaan

## STALLETJIES:



- Kerrie & rys
- Worsbroodjies, Jaffels,
- Slaptjips, Koeldrank, Pannekoek,
- Spookasem,
- Vlooimark Stalletjies, Nagereg,
- Koek, Koffie & Tee, Ontbyt,
- Wit Olifant tafel
- Popcorn & Skyfies
- Gemmerbier & Droëvrugte,
- Woekerstalletjie en Kindertafel

**Kontakpersoon:**
**Herman Labuschagne @ 082 461 1152**

Phil, Carel, Phillip &
Mari-Celest Bisschoff



**Baie Welkom aan die nuwe lidmate.**

To God the Glory

# MOOT CHRISTIAN ACADEMY

- Are you serious about your child's education?
- Do you want to give your child the best education possible?
- Did you know that in the early days children read the Bible to learn?

**At MOOT CHRISTIAN ACADEMY:**

- We are putting the joy of God back into education
- We are an affordable Private School for Gr 0 to Gr 12
- We are passionate about our students.
- 90% of our staff and students are Afrikaans speaking.





*We serve the Community of God*
Contact us for an interview

**012-331-8274**

admin@mootchristianacademy.co.za

On the premises of NG Rietfontein Suid, C/o Ben Swart str. and 16th Avenue



# !! ONTHOU DATUMS !!

- **9 Aug:** Vakansiedag - Nasionale Vrouedag
- **10 Aug:** Skool vakansiedag
- **19 Aug:** Nagmaal
- **26 Aug:** Gesinne in Harmonie-diens & Doop

*Sien jou daar!*




**BOOMSLOPING** en snoei van bome & struike. Verskaf ook Kagelhout. Kontak Ernst by 083 656 4992

**Vuka Scuta XS125 te koop:** 2008 model, met slegs 3322 km's, goeie toestand vir R4 500.00. Kontak Johan Muller by 084 500 2481

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer! Kontak Ilze 072 111 3100

# c'nanru eiendomme

ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- Gratis waardasies
- Bemark om te verkoop
- Kwalifisering van nuwe kopers
- Lening aansoeke
- Advies om eiendom se waarde te verhoog
- Boedelwaardasies



**Naómi**

**082-804-1200 012-331-0015**

Omgeegroepe
Ons gee om.

# TAAKSPAN VIR OMGEEGROEPE r12

***VISIE:*** *Om deur omgee-verhoudinge in omgeegroepe mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.*

Ons fokus is maar rondom die r12 Reeks (Romeine 12) met die kerngedagte dat daar geestelike groei in elkeen sal plaasvind deur die werking van die Heilige Gees. Ons gaan dus begin om na 'n paar aspekte te kyk wat prominent in ons Omgeegroepe sigbaar behoort te wees.

***<u>KARAKTERVORMING</u>***

Binne die Omgeegroep is dit 'n goeie geleentheid waar karaktervorming kan begin plaasvind. Dit is praktyk gerig met sy eie uitdagings om vorming te bevorder. Ons het mekaar nodig om waarhede omtrent onsself te ontdek, wie en wat ons is, wie God is, en hoe ons ons lewens kan uitleef met die bepaalde waarhede.

Verhoudings wat binne die Omgeegroepe gevorm word kan as 'n instrument deur die Here gebruik word in ons karaktervorming. Dit is binne die Omgeegroep dat persone nader aan mekaar kan begin beweeg om mekaar beter te leer ken, om te gee, uitgedaag word, ondersteuning bied, vergifnis plaasvind, gesellig kan verkeer, saam lag en huil.

Geestelike groei vind nie plaas in isolasie nie. Omgeegroepe is die Here se geskenk om persoonlike en geestelike groei te bevorder.

Die Here gebruik mense om mense te vorm. Die Heilige Gees is sterk aan die werk met die interaksie tussen mense.

Omgeegroepe se doel is om ook 'n geesvervulde omgewing te skep waarin alledaagse ervarings kan floreer. Gebed, ondersteuning, diens, belydenis, aanbidding, gehoorsaamheid, sosialiseering en doodgewone menswees saam te ervaar.

***<u>OMGEEGROEPE IS OP HULLE EIE MISSIE WAT VERDER STREK AS HULLE EIE KRINGETJIE</u>***

Een van die grootste eienskappe binne 'n Omgeegroep is die liefde vir mekaar en ook vir ander. Dissipelskap word prominent op gefokus. Ons liefde vir Jesus word nie gekenmerk deur hoeveel kerke gebou word, hoeveel ons bid of hoeveel mense kerk toe kom nie, maar die toets is eerder of mense kan sien dat ons Christene is omdat ons mekaar liefhet soos wat Jesus ons liefhet.

***"PRIORITEITE IS WEEGSKALE WAAROP ONS LIEFDE VIR GOD GEWEEG WORD"***

*Indien jy nog betrokke wil raak in 'n Groep tydens die r12 Reeks, kontak asseblief:*

*Liezel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591*



# Nuwe Intrekkers



Kobus, Marietjie & Monique van Zyl



Eon & Chantelle van Zyl



Christo & Lettie Theron



Johan & Alta van Jaarsveld